Rapport

GeldSake24

Adviseurs, tussengangers vry van verbruikerswet

ADRI VAN ZYL
Johannesburg

Finansiële adviseurs en tussengangers is uitgesluit van die Wet op Verbruikersbeskerming wat aanstaande jaar op 28 April in werking tree.

As die Raad op Finansiële Dienste sy sin kan kry, gaan die lang- en korttermynversekeringsbedryf ook van die verbruikerswet uitgesluit wees.

Finansiële adviseurs en tussengangers gaan vrygestel wees van die bepalings in die verbruikerswet.

Hulle word deur die Wet op Finansiële Adviseurs en Tussengangers (FAT) gereguleer en dit bied genoeg beskerming aan verbruikers.

Me. Leanne Dewey, direkteur van regs- en regulatoriese dienste by Liberty, sê die FAT is omvattender as die verbruikerswet wat opgestel is juis om beter beskerming aan verbruikers te bied.

Beleggingsbestuurders en verskaffers van gekoppelde beleggingsprodukte is ook onderhewig aan die FAT en vrygestel van die verbruikerswet.

Dewey sê die insluiting van bepalings om finansiële adviseurs te reguleer in die verbruikerswet sal onnodige oorvleueling veroorsaak, terwyl die finansiële sektor reeds deur 'n magdom wette beheer word.

Soos sake staan, is die Raad op Finansiële Dienste (RFD) verantwoordelik vir die administrasie van sowat 14 verskillende wette wat die finansiëledienstebedryf raak.

Die RFD meen die lang- en korttermynversekeringsbedryf kan van die bepalings van die verbruikerswet uitgesluit word omdat die wette vir die onderskeie bedrywe genoeg verbruikersbeskerming bied.

Dié bedrywe is ook onderhewig aan die omvattende reëls vir die beskerming van polishouers se belange.

Die lang- en korttermynversekeraars is in hierdie stadium nog net voorwaardelik vrygestel van die bepalings van die verbruikerswet.

Mnr. Jonathan Dixon, adjunkuitvoerende hoof vir versekering by die RFD, sê as die versekeringswette voor Oktober 2011 – 18 maande nadat die verbruikerswet in werking tree – in die pas is met die verbruikerswet, sal die versekeringsbedryf ook van die verbruikerswet vrygestel kan word.

Hy sê die departement van handel en nywerheid, wat verantwoordelik is vir die verbruikerswet, besef dat daar in die versekeringswette bepalings is wat ooreenstem met die bepalings in die verbruikerswet.

As reguleerder van die versekeringsbedryf gaan die RFD nietemin die versekeringswette nagaan en hersien.

Hy wil sodoende seker maak dat dit voldoen aan die minimumstandaarde wat in die verbruikerswet gestel word.

Die doel van die hersiening is om aan die departement van handel en nywerheid te bewys dat daar genoeg beskerming vir verbruikers in die versekeringswette is.

Dixon sê die hersieningsproses het begin en as dit daarop uitloop dat wysigings aan die versekeringswette nodig is om die bedryf vry te stel van die verbruikerswet, sal dit gedoen word.

Dewey sê daar is klein verskille tussen die versekeringswette en die verbruikerswet rakende beskerming vir gebruikers van finansiële dienste.

"Die meeste van die bepalings in die verbruikerswet is vervat in die reëls vir die beskerming van polishouers en hopelik sal net klein aanpassings nodig wees."

Om te veel oorvleueling tussen wetgewing vir spesifieke bedrywe en die verbruikerswet te voorkom, maak die wet daarvoor voorsiening dat die verskillende sektore 'n spesifieke gedragskode kan ontwikkel om verbruikersregte te beskerm.

In die finansiëledienstesektor sluit dit die effektetrustbedryf en die pensioenfondsbedryf in.

In hierdie stadium is die twee bedrywe aan die verbruikerswet onderhewig.

As hulle betyds gedragskodes kan ontwerp om genoegsame beskerming aan verbruikers te bied, kan die RFD ook aansoek doen om die bedrywe gedeeltelik of in die geheel van die Wet op Verbruikersbeskerming te vry te stel.

Mense gebruik pensioen te gou

ADRI VAN ZYL
Johannesburg

Baie van die mense wat in die eerste ses maande van vanjaar hul werk verloor of van werk verander het, het hul pensioenuitbetalings in kontant onttrek pleks daarvan om dit te bewaar tot aftrede.

Dié kommerwekkende tendens blyk uit die jongste statistieke van die spaar- en beleggingsvereniging van Suid-Afrika (Asisa) oor langtermynspaarprodukte.

Volgens Statistieke Suid-Afrika het 246 000 mense hul werk verloor, en 'n mens sou verwag dat minstens 'n deel van hul pensioenuitbetalings of skeidingspakkette gespaar sou word.

Uit Asisa se syfers blyk dit egter dat herhalende en enkelbedragbeleggings die verlies van hul werk 'n tweesnydende swaard.

"Dit duur dikwels lank voordat werkloosheidsvoordele uitbetaal word, en dit is meestal nie voldoende nie. Baie mense was ook reeds in 'n ekonomiese knyp en weens die lae waarskynlikheid dat hulle gou weer werk sou kry, kon hulle dit net nie bekostig om te spaar nie," sê Dempsey.

Hy sê uit Asisa se statistieke blyk dit ook dat die sogenaamde seisoenale beleggings in uittree-annuïteite ook skerp afgeneem het.

Dié seisoenale beleggings word gewoonlik einde Februarie gedoen deur mense wat nie tot pensioenfondse behoort nie en voor die einde van die belastingjaar enkelbedrae in annuïteite belê om belastingvoordele te benut.

"Dit het vanjaar ook skerp gedaal, mense afskrik om enigsins te spaar vir aftrede. "Die mate waartoe onsekerheid mense afskrik, moet nie onderskat word nie," sê Dempsey.

Hy sê 'n formele aankondiging van die regering oor die vordering al dan nie met die nasionale spaarfonds sal baie help om die onsekerheid uit die weg te ruim.

Daar is voorts 'n dringende behoefte om mense in te lig oor die nodigheid om te spaar vir aftrede.

Al skilder die syfers weer eens 'n mistroostige prentjie van die spaargeneigdheid onder Suid-Afrikaners, is daar darem ook positiewe tekens.

Die een is dat die langtermynspaarbedryf finansieel gesond is. Al die versekeringsmaatskappye het meer as genoeg kapitaal om hul verpligtinge teenoor polishouers na te kom as hul

Te konserwatiewe portefeulje ook riskante belegging

ADRI VAN ZYL
Johannesburg

'n Beleggingsportefeulje wat net uit aandele bestaan, hou risiko's in vir die belegger, maar 'n portefeulje wat té konserwatief is, hou net soveel risiko's in.

In die onstuimige markte van die afgelope jaar het beleggers wat die risiko's van die aandelemark wou vermy, hul portefeuljes waarskynlik blootgestel aan "roekelose konserwatisme", sê mnr. Nico Coetzee, hoof van verkope by PPS Beleggings.

Coetzee sê mense wat in vanjaar se eerste helfte hul beleggings na geldmarktrusts geskuif het, het reeds 'n sterk herstel in die aandetiewe beleggers is 'n portefeulje met 'n lae blootstelling aan aandele, soos 'n gebalanseerde effektetrust of 'n batetoewysingstrust, 'n beter alternatief as 'n belegging in die geldmark.

In dié trusts het beleggers steeds blootstelling aan aandele. Dit het die voordeel van 'n goeie opbrengs as die markte op loop gaan, terwyl 'n deel van die portefeulje steeds in geldmarkte is.

"As die belegging versprei is tussen kontant en aandele, is die risiko om geld te verloor kleiner en oor lang tydperke is die opbrengs baie beter as die opbrengs op 'n belegging in kontant," sê hy. Mense met al hul beleggingsgeld in die geld-